Kennisgewing vanuit die rektor se kantoor

AANLYN KONTAKSESSIES

Beste Aros-student

Ons personeel het die afgelope tyd talle navrae van studente ontvang oor die toekoms van aanlyn kontaksessies. Daar is verskeie studente wat graag wil weet of daar sprake is van 'n moontlike permanente skuif van Aros-kampuskontaksessies na aanlyn kontaksessies.

Neem asb. daarvan kennis dat die huidige omstandighede rondom die Covid-19 pandemie ons genoop het om die kontaksessies aanlyn aan te bied; dus is dit nie 'n permanente reëling nie. Die besluit rakende ons kontaksessies berus by die Raad van Aros wat voor die einde van die jaar weer sal besin oor die praktyk vir die toekoms.

Ek wil graag 'n beroep doen op die Aros-studente om die reëling van aanlyn kontaksessies slegs as 'n tydelike reëling te aanvaar en te wag totdat 'n finale besluit deur die Raad geneem word.

Baie sterkte met die tweede semester. Ons bid julle seën toe vir jul studie en werksaamhede.

Aros-groete

Rektor
21 Julie 2021

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.